## **GEESTELIKE OORLOGVOERING**

### **Les no 1**

Om te kan verstaan waarteen kinders van die Here behoort te veg, 'n kort les en leiding van wie die vyand is.

**Jesaja 14: 12,13 en 14**

**Hoe het jy uit die hemel geval o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!**

**13. En jỳ het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.**

**14.Ek wil klimbo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste.**

Van wie word hier gepraat? Van Lucifer, die duiwel. Wat het hom gedryf om so op te tree? Begeerte na mag en gesag!!

Kom ons kyk na die werking van "begeerte " in ons huidige wêreldstelsels.

Begeerte is die onversadigbare drang om net altyd groter, sterker, ryker en meer mag en gesag te kan hê.

Die magte en geeste wat onder hierdie een "hoof" werk is:

1. Bedrog
2. Leuens
3. Korrupsie
4. Moord
5. Rowery
6. Valse beloftes

Ondergeskik aan hierdie magte, is daar weer 'n hele reeks ander wat help dat begeerte hoogste plekke kan bereik

1. Seksuele misdrywe
2. Mense roof
3. Ondermyning van gesag

4. Dobbelary
5. Diefstal
6. Verleidende geeste
7. Valse leerstellings
8. Afgodedienste
9. Valse profete
10. Ongelukkige huwelike

Daar is nog só baie ander kleiner demoniese magte betrokke by die stelsel, dat dit moeilik is om almal in een les te beskrywe.

Gaan kyk nou net na die gebeure in ons land. In woonhuise tussen kinders, tussen huweliksmaats, in die besigheids wêreld en beslis in die beheer en bestuur van ons land, dan sal u verstaan hoekom dit nodig geword het vir wedergebore kinders van God om ons gereed te kry vir 'n geestelike oorlog teen die magte.

Kan ons iets daaraan doen? O, ja!! Wedergeborenes is deel van die Liggaam van Christus. En in Hom, is ons die oorwinnaars.

**Kol.2:15**

**Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoon gestel en daardeur or hulle getriomfeer het.**

**2 Kor.2:14**

**Maar God sy danl wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van Sy kennis deur ons oral versprei.**

**Lukas 10:19**

**Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en OOR AL DIE KRAG VAN DIE VYAND; EN NIKS SAL JULLE OOIT SKADE DOEN NIE.**

**Matt.28:18b**

**Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.**

**1 Kor.12:27**

**Maar julle is die ligaam van Christus en lede afsonderlik**

**Kol.2:9 en 10**

**Want in Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik;**

11. **en julle het die volheid in Hom wat die hoof is van alle owerheid en mag**

Kan u sien, ons het nie nodig om toe te laat dat die bose magte in die lug ons leierskap op alle platvorms van ons land, on so te beheer en regeer nie!!

Kan die duiwel dan 'n mens se lewe só beheer?

Gaan lees asb die gedeelte in Matthéus 8, war dit vertel van die besetenes van Gȧdara.

Lees asb. ook Matt.9 vanaf vers 27 tot 34 en sien hoedat Jesus 'n duiwel uit 'n stomme gedryf het, en daarna kon hy praat. Dink jy nog die duiwel kan nie 'n mens beheer nie? Daar is nog talle voorbeeld van die dinge in die bybel.

**Les no 2: Hoe moet ons dan bid, en wie kan dit bid?**